

# Beroking ernstig onder die loep

Meer graan en oliesade beteken ook meer beroking. Met produsente wat vrygestel is van die wetlike verpligtinge waaraan kommersiële opbergers moet voldoen, is dit noodsaaklik dat standaarde op 'n aanvaarbare vlak gehou moet word.

Die produksie van graan en oliesade het sedert deregulering verdubbel en oor die afgelope vier jaar met 'n vyf-jaar-gemiddelde syfer van 6,9% toegeneem. Dit is 'n merkwaardige prestasie wat deur tegnologiese ontwikkelings en goeie produksietoestand gedryf word.

Op Agbiz Grain se onlangse simposium met die tema "Bou sekerheid, skep volhoubaarheid" is vier aspekte om volhoubaarheid te verseker onder die loep geplaas.

In die eerste plek is gevra wat nodig is om belegging in die opbergingsektor aan te moedig en dienslewering te verhoog. Tweedens, watter kwessies moet aangepak word om die volhoubare funksionering van die graanmark te verseker? Derdens, hoe kan naspeurbaarheid in die graan- en oliesademark wat kommoditeite in los maat hanteer en opberg, aangepak word? Ten laaste, wat moet gedoen word om die versekerbaarheid van die opbergingsektor in Suid-Afrika te verbeter?

Beroking is 'n verdere brandpunt wat in die eerste kwartaal in 2024 aangepak gaan word. Die praktyk neem skerp toe met die uitbreiding in die produksie en opbergingskapasiteit van kommersiële opbergers en op plase waar graan en oliesade vir eie, maar ook vir kommersiële doeleiendes opgeberg word.

Dit is baie belangrik dat die kommersiële opbergingsektor en produsente wat graan nie net vir eie gebruik opberg nie, 'n wakende oog moet hou oor die vereistes wat beroking stel en dat die standaarde vir beroking deurlopend op 'n aanvaarbare vlak is.

Ons moet dus wat beroking betref, ook sekerheid bou ter wille van die volhoubaarheid van die opbergingsektor.

Beroking raak al vier aspekte wat op die Agbiz Grain-simposium bespreek is.

Dit is uiters belangrik dat bekostigbare berokingsmiddels in Suid-Afrika beskikbaar is en dat belanghebbendes aan die wetlike vereistes voldoen. Dit sluit die wettige invoer en verkryging van die middels in en dat personeel wat beroking uitvoer, voldoende opgelei is.

Beroking speel 'n belangrike rol in die funksionering van die mark aangesien die korrekte toediening van berokingsmiddels goeie gehalte vir graan en oliesade in opberging help verseker. Dit word selfs in die JSE-reëls vervat.

Markdeelnemers het begrip vir moontlike vertraging in die uitlaai van graan by 'n silokompleks omdat die beroking van die graan nodig is om die gehalte daarvan te waarborg, en ook om die veiligheid van die verbruiker voorop te stel.

Naspeurbaarheid speel 'n toenemend belangrike rol in kommersiële opberging. Agbiz Grain se lede berg meer as 70% van alle graan en oliesade op wat in Suid-Afrika geproduseer word. Hulle voldoen aan die streng wetlike vereistes. Daar is egter 'n skerp toename in die individue wat deel uitmaak van die orige 30% wat self berokingsmiddels aankoop. Die produkte word gebruik om graan in private opbergingsaanlegte te berook, soos in opbergingstrukture op plase waar graan later vir kommersiële doeleindes beskikbaar gestel word vir verhandeling.

Produsente is vrygestel van die wetlike verpligtinge waaraan kommersiële opbergers moet voldoen om berokingsmiddels aan te skaf en te gebruik. Die ongereguleerde aankoop en gebruik van berokingsmiddels vir plaasopberging neem skerp toe, en dit kan groot risiko's inhou. Kopers soos meulens en veevoervervaardigers wat graan regstreeks van kommersiële opbergeringstrukture aankoop, weet dat graan en oliesade korrek hanteer en berook is.

Agbiz Grain het bepaalde inisiatiewe om die kommersiële opbergingsektor van die vervaardigingsektor in die algemeen te onderskei. Dit is belangrik dat die opbergingsektor aan versekeraars kan wys dat die sektor die wetlike verpligtinge getrou nakom om risiko's te beperk. En ook dat die sektor inisiatiewe het en ontwikkel om risiko's aan te pak. Dit is nie net belangrik om te verseker dat die sektor versekerbaar is en om 'n skerp styging in versekeringskoste in die algemeen te bekamp nie, maar ook om die bedryf se reputasie uit te bou.

Dié inisiatiewe en reputasie kan in die wiele gery word deur die onoordeelkundige gebruik van berokingsmiddels deur individue wat die middels sonder wetlike vereistes kan bekom en onkundig gebruik.

Dit kos net een geval om die kommersiële opbergingsektor plaaslik en internasionaal in 'n ongunstige lig te stel. Dit het ook 'n regstreekse impak op die finansiering van opgebergde graan en oliesade en die opbergingsinfrastruktuur.

Die graan- en oliesadesektor in Suid-Afrika toon groei wat hoër is as die wêreld se ekonomiese groeikoers van 3,5% per jaar. Om die groei volhoubaar te handhaaf, is dit noodsaaklik om sekerheid te skep.

Een van die aspekte wat groter sekerheid verg, is hoe private opbergers met berokingsmiddels mag omgaan en dit in die losmaathantering en -opberging van graan kan gebruik. Die onoordeelkundige gebruik van middels kan tot hoër koste aanleiding gee, die doeltreffendheid van die markplek regstreeks raak, die behoefte na naspeurbaarheid op 'n naaldpunt dryf en versekerings- en finansieringskoste onnodig laat verhoog.

Daarom konsentreer Agbiz Grain op beroking en verwag dat die kwessie in 2023-'24 groter aandag van invoerders, verskaffers en operateurs in die opbergingsektor gaan geniet. LBW